

16 Desember

Psalm 23

(Teks: 23:1) Die Here is my herder

Psalm 23 is 'n lied van vrede en vertrouwe op God. Die psalmdigter sing van sekerheid: Die Here is my herder! Dawid vergelyk die sorg van God met dié van 'n herder. Netsoos 'n herder vir sy skape sorg, net so is die Here. Die herder vind vir die skape weiding, water en veiligheid op die allerbeste wyse. Die beeld van die herder is in die Ou Testament 'n beeld van 'n persoon wat toegewy is aan die versorging van die kudde. Selfs die herderstaf waarop geleun is, is gebruik as wapen om die wilde diere te verjaag. Psalm 23 is die geloofslied van rus en veiligheid. Dit kom van Christus, die volmaakte Herder. Onder die mense is daar slegte herders. "As hy 'n wolf sien kom, los hy die skape en hardloop weg, en die wolf vang die skape en jaag die trop uitmekaar" (Joh 10:11,14; Jes 40:11; Eseg 34:12; Hebr 13:20). Wat in Psalm 23 in skoonheid besing is, het werklikheid geword in Christus, want Hy het sy lewe afgelê vir die skape (Joh 10:11). Wie hom voorberei om met Kersfees terug te dink aan die koms van Christus, moet nie net dink aan die stal en die krip nie, maar ook aan Golgota, die kruis en die graf. Só het Hy oor sy kudde gewaak tot in die dood van die kruis, sodat hulle kan lewe tot in ewigheid.

Sing (2e Beryming) Psalm 23:1,2 en 3
(Klerksdorp)

Ds. C.N. van der Merwe